HY HAAT HAAR.

Vir Kiana.

Die nuwe koningin van Kommetjiestraat 14.

Met haar lang swart hare. Te lank en te swart. Vir 'n ma.

En haar lang bruin bene. Te lank en bruin vir 'n ma.

En haar kort rokkies. Te kort vir 'n ma.

Sy lyk soos 'n koningin, maar eintlik is sy Kommetjiestraat 14 se undercover-heks.

Matt vou sy arms onder sy kop, staar na die televisieskerm op die rak oorkant sy bed sonder om iets te sien.

Toe sy die eerste keer hier by die huis ingestap het, moes hy geweet het hier kom moeilikheid. Daardie ysblou oë het effens gerek, asof sy hom nie hier verwag het nie of dalk nie besef het hy is al sestien nie. Wat dit ook al was, hy kon sien sy was ietwat onkant gevang en sy het 'n tree terug, nader aan sy pa, gegee asof sý pa háár sowaar teen hom wat Matt Wepener is, moes beskerm.

Dit het hom toe geamuseer, maar hy was dom; stiksiende, sou sy ouma dit opgesom het, want hy het nooit besef, nooit kon dink hoe groot die moeilikheid sou word nie. Dit was net die begin – en hy het die tekens toe glad nie reg gelees nie.

"Ek raak ook maar lus vir 'n volwassene se geselskap," het sy pa later die aand verduidelik toe hy die hele dosyn eiers een ná die ander gebreek en in die pan deurmekaar geroer het.

Matt het oor die broodrooster na hom gestaar. Regtig?

Sy pa het oorgeleun vir die sout en peper. "En Kiana werk by ons. Sy is ongetroud, was jare gelede glo verloof, maar dit het blykbaar nie uitgewerk nie. 'n Interessante en aangename mens." Hy het die twee borde langs die stoof neergesit en die eiers nog 'n roer gegee. "Sy moes my 'n paar keer al by die kantoor help om dinge op die laaste nippertjie deur te voer as ons 'n onverwagse krisis het, en sy bring haar kant as dit nodig is. Sy is 'n besonderse vrou, skerp, en goed met krisisbestuur. En sy kan 'n probleem raaksien en dit oplos – 'n baie goeie eienskap, as ek eerlik moet wees." Sy pa het hulle roereier ingeskep, netjies op die snye roosterbrood, en die pan leeg geskraap vir die laaste stukkies eier. "Sy het dryfkrag en deursettingsvermoë, en sy kry resultate."

Matt leun oor na die bedkassie, skud 'n sigaret uit die boksie en steek dit aan.

Hy teug diep.

Blaas die rook in die lug op.

Van die resultate kan hy getuig. Eerstehands. Van daardie oomblik af toe sy ná die eerste Covid-19-vlaag een Saterdagoggend hier in die kombuis verskyn en die eierspaan uit sy hand geneem het om verder saam met sy pa die plaatkoekies klaar te bak. "Gee hier, laat ek liewer bak, ek is seker jy het iets baie meer opwindends om te doen." Sonder enige inleiding. Sonder enige waarskuwing. Dit was net só onverwags dat sy al klaar langs sy pa gestaan en lag het voordat hy besef het wat gebeur.

Sy het die plaatkoekie-bakkery oorgeneem. Net daar. Glad soos 'n ingevoerde paling. Sonder dat sy pa 'n opmerking daaroor gemaak het of hy wat Matt is enige teenstand kon bied. In haar geel rok met haar bruin bene en die lang donker hare wat soos 'n gordyn oor haar skouers gehang het.

Hy was verstom. Nee, eintlik het hy soort van gevries, asof sy brein vir 'n paar oomblikke net nie kon verwerk het wat hy moes inneem nie. En toe hy eindelik soort van fokus en besef dat hy nou eenkant staan, en sy pa by hierdie vrou met die eierspaan in haar hand staan en lag, toe is dit te laat. Hy het hulle só gekyk en besef – sy is klaar daar, in hulle kombuis. Sy lyk tuis. En sy bak reeds.

Hy het uitgestorm, net padgegee. Wat anders kon hy doen? Eis dat sy huis toe gaan, dat sy hulle twee moet uitlos sodat hy en sy pa hulle gewone Saterdag-kuier kon voortsit en verder aan hulle Namibië-toerplanne kon werk? Skree dat sy moet loop? Haar aan haar lang swart

hare beetkry en uit die huis uit sleep na die buitenste duisternis?

Kom by.

Word wakker. Dis nie hoe dit werk nie – nie deesdae in sý lewe nie.

En toe sy pa later met 'n beker tee en 'n klein berg plaatkoekies met stroop en gerasperde kaas by sy kamerdeur kom staan, het hy hom eers geïgnoreer en toe maar later gesê hy is nie meer lus vir simpel crumpets nie. En wie op aarde drink nou tee op 'n Saterdagoggend? Wat anders kon hy in elk geval sê? Stop die bus, Pa, hierdie vrou het my sommer net so uit die pad gestoot en óns Saterdag-kuier oorgeneem? Hierdie vrou het heeloggend met jou gekuier terwyl ek my met "meer opwindende dinge" moes besig hou?

Net in sy drome.

In die harde realiteit was hy stil. Rou binne.

Verontwaardig. Vies.

En 'n bietjie verneder omdat sy hom sommer net so – soos 'n lastige vlieg wat toevallig daar rond was – kon wegvee. Uit die kombuis uit kon verban. Uit húlle kombuis uit.

En dat sy pa dit toegelaat het. Dat sy pa nie net daar sy hand gelig het nie en gesê het: "Stop net hier! Ek en Matt is besig om te kuier, jy kan vanmiddag 'n draai kom maak as hy gaan draf."

Dan sou hy dalk nie so omgegee het of so ontsteld gevoel het nie. So uitgesluit en verneder nie. So al asof hy

iets verloor het waarop hy nog nie mooi sy vinger kon lê nie.

Sy pa het by sy kamer ingekom, sy swart kuif wat net te lank geword het uit sy oë geskud en die skinkbord op die lessenaar neergesit. Hy het 'n paar oomblikke gehuiwer, gelyk asof hy iets wou sê, maar toe geloop. Wat kón hy sê? Daar was tog niks oor om te sê nie, hy het mos sy keuse gemaak.

Matt het die stapel plaatkoekies so gekyk, met die stoom wat nog effens uittrek. Die stroop was blink, dik goue strepe langs die stewige hoop gerasperde kaas. Maar skielik wás hy nie meer lus daarvoor nie, want vandat sy ma dood is, was dit die ding wat hulle twee, hy en sy pa, Saterdagoggende in Covid saam gedoen het. Hulle het plaatkoekies gebak. Partykeer grotes sommer met maalvleis op, en ander kere kleineres met gerasperde kaas en stroop op. En dan het hulle net daar in die kombuis weerskante van die werksblad gesit en kuier terwyl hulle die hele baksel opeet.

Hoe kan hy hierdie plaatkoekies alleen sit en eet? Plaatkoekies wat die vreemde vrou gebak het? Saam met sy pa? Dit sou wees soos om 'n regmerkie te maak, om sy goedkeuring te gee – dis reg, julle twee, ek gee glad nie om dat julle my so sonder meer uitgestoot het nie, uitgesluit het van my eie Saterdagoggend-aktiwiteit nie.

Hierdie plaatkoekies met stoom en stroop en al, was besoedel. Dit was soos om hom te probeer omkoop, om te sê: Ons het jou nou wel uit die kombuis gewerk, maar

wow! kyk net hier, hier is vir jou iets spesiaals, iets wat ONS twee SAAM gebak het – 'n hele bord plaatkoekies. En kyk net hoeveel stroop het ONS vir JOU oorgedrup.

Asof 'n bord plaatkoekies enigsins kan opmaak vir wat in die kombuis gebeur het.